Maaltyd vir een

'n Klug

Vertaling deur

Nico Luwes

van

***Dinner for one* (Lauri Wylie – 1920)**

10 Feb 2004
Jan Brandstraat 17
Langenhovenpark
Bloemfontein
Opvoeregte outeur luwes@ufs.adc.za 0823742485
of Dalro

MAALTYD VIR EEN

Die karakters

Miss Sophie – ‘n Ou dame van hoë stand (90 jaar)

James – Haar Butler (80 + jare)

Die stel:

"Maaltyd vir een” speel af in ‘n groot eetkamer met ‘n tafel gedek vir 5 persone, insluitend Miss Sophie, wat aan die kop sit aan die regterkant. ’n Trap agter haar rug regs en ’n buffet aan die linkerkant van die kamer. Op die vloer tussen die buffet en die tafel is ‘n leeuvel met leeukop aan. NOTA: Die vele streke van Freddie Frinton in die teks kan nie oorgedra word in die geskrewe teks nie. Raadpleeg Google/video/Dinner for one vir video.

Toneel 1

Miss Sophie kom die trappe af in die eetkamer in en butler, James, groet haar...

James: Goeienaand, Miss Sophie, goeienaand.

Miss Sophie: Goeienaand, James.

James: U lyk regtig baie goed vanaand, Miss Sophie.

Miss Sophie: Wel , ek voel beslis baie beter, dankie, James.

James: Goed, goed…

Miss Sophie: Wel, ek moet sê alles lyk baie mooi vanaand.

James: Baie, baie dankie, Miss Sophie, baie dankie.

Miss Sophie: Is almal al hier?

James: Beslis is hulle, ja ja ja... almal. Hulle is almal hier vir u verjaarsdag, Miss Sophie.

Miss Sophie: Is al vyf plekke gedek?

James: Alles gedek soos gewoonlik.

Miss Sophie: Sir Toby?

James: Sir Toby, ja, hy sit vanjaar hier, Miss Sophie.

Niemand behalwe Miss Sophie sit aan tafel nie terwyl James aandui waar die vier onsigbare gaste sit..

Miss Sophie: Admiraal von Schneider?

James: Admiraal von Schneider sit hier, Miss Sophie.

Miss Sophie: Mr. Pommeroy?

James: Mr. Pommeroy het ek vir u hier geplaas.

Miss Sophie: En my baie dierbare vriend, Mr. Winterbottom?

James: Aan u regterkant soos u versoek het, Miss Sophie!

Miss Sophie: Dankie, James. Jy mag nou maar die soep bedien.

James: Die soep, baie, baie dankie, Miss Sophie, dankie. Hulle almal wag net vir u... 'n ou sopie mulligatawny soep, Miss Sophie?

Miss Sophie: Ek is besonder versot op mulligatawny soep, James.

James: Ja… Ek weet u is…

Miss Sophie: Ek dink ons sal Sjerry geniet saam met die soep.

James: Sjerry met die soep, ja… O, so terloops, dieselfde prosedure as laasjaar, Miss Sophie?

Miss Sophie: Dieselfde prosedure as elke jaar, James. Is dit 'n droë Sjerry, James?

James: Ja… ‘n baie droë Sjerry, Miss Sophie... baie droog… reguit uit die kelder vanoggend, Miss Sophie.

James stap om die tafel en skink vir elke gas sjerry. Dan loop hy na die buffet met die sjerrybottel en triep oor die leeuvel se kop terwyl hy dit doen. Hy sit die bottel op die buffet en gaan terug tafel toe en gaan staan agter die stoel waarop Sir Toby veronderstel in om te sit. Hy lig Sir Toby se glas en maak ‘n heildronk in Miss Sophie se rigting wat ook ‘n glas in haar hand het.

Miss Sophie: Sir Toby!

James: Cheerio, Miss Sophie!

James vat ‘n sluk namens Sir Toby.

Miss Sophie: Admiraal von Schneider!

James: Ad…Moet ek dit weer vanjaar sê, Miss Sophie?

Miss Sophie: Net om my te plesier, James.

James: Net om u te plesier. Baie goed, baie goed… Ja-ja… Skol!

James drink en klap sy hakke teen mekaar op die “skol” en reageer in pyn.

Miss Sophie: Mr. Pommeroy!

James: (*in falsetto-tem*) Hêppie Nuwejaar, Sophie!

James drink die hele glas vir Mnr. Pommeroy.

Miss Sophie: En die dierbare Mr. Winterbottom!

James (*in ‘n diep stem*) Wel, hier’s ons weer, ou liefie...

Miss Sophie: Jy mag nou maar die vis bedien.

James: Vis. Alles reg, Miss Sophie. Het die soepie geniet?

Miss Sophie: Heerlik, James, heerlik.

James: Baie dankie, Miss Sophie, Bly u het dit geniet.

James strompel oor na die buffet en struikel weer oor die leeukop. Hy neem die vis na Miss Sophie.

James: ‘n Klein stukkie Noord-See skelvis, Miss Sophie.

Miss Sophie: Ek dink ons sal wit wyn geniet met die vis.

James: Wit wyn met die vis? Dieselfde prosedure as laasjaar, Miss Sophie?

Miss Sophie: Dieselfde prosedure as elke jaar, James!

James: JJJAAAA!

James strompel oor na die buffet, struikel oor die leeuvel en kry die wit wyn. Hy vul elke gas se glas. Terwyl hy Sir Toby se glas vul, voer hy’n verbeeldingsgesprek met Sir Toby en gooi vir hom nog ‘n bietjie wyn asof hy versoek is. As hy weer die bottel terugneem na die buffet struikel hy <u>nie</u> oor die leeukop nie en die gehoor reageer daarop. Hy is besonder trots! Soos hy terugkom tafel toe struikel hy weer per ongeluk oor die leeukop.

Miss Sophie: Op… Sir Toby!

James: Cheerio, Miss Sophie, my ou girl!.

James drink wyn namens elke gas uit elke gas se glas terwyl hy haar woordeloos groet of gesondheid toewens aan Miss Sophie.

Miss Sophie: Admiraal von Schneider!

James: O, moet ek, Miss Sophie?

Miss Sophie: James, asseblief!

James: Skol! Kliek sy hakke teen mekaar en reageer in pyn.

Miss Sophie: Mr. Pommeroy!

James: Hêppie Nuwejaar, Sophie ou girl!

Miss Sophie: Mr. Winterbottom!

James: Jy lyk jonger as ooit!, liefie! So vet soos waar… Jy lyk jonger as ooit, liefie! Ha, ha, ha...

James toon nou ernstige newe-effekte van die drankies en wieg heen en weer en twyfel 'n paar keer op sy rondte om die tafel. Hy neem Miss Sophie se bord..

Miss Sophie: Bedien asb. die kuiken…

James soek iewers 'n kuiken! Het hy reg gehoor?

James: Kiep, kiep! Huh?

Miss Sophie: Bedien asb. die hoender, James!

James: Ha! Die hoender, Miss Sophie. Op kom die hoender!...

James strompel weer na die buffet en struikel oor die leeukop en hobbel oor na Miss Sophie, met die hoender.

Miss Sophie: Dit lyk na 'n pragtige voël.

James: Dis is wragtag 'n pragtige hoe.. hoen.. Dit kan sê! Dissepragtigehoener! 'n Lief. Lief..lik

Miss Sophie: Ek dink ons sal sjampanje geniet met die voël!

James: Sjampanje, ja! Sjelle… Sjelle prosje-duurje ash laas jaar, Miss Sophie?

Miss Sophie: Dieselfde prosedure as elke jaar, James!

James strompel weer na die buffet en struikel weer oor die leeukop. Hy gooi

sjampanje vir elke gas maar waggel en wieg nou gevaarlik meer as tevore!

James: Sophie, my girl…

Miss Sophie: Admiraal von Schneider!

James: Moet ek, Miss Sophie?

Miss Sophie: James!

James: Schkol!

Jamesprobeer sy hakke teen mekaar kap, maar mis en onderneem 'n kort dansie

Miss Sophie: Mr. Pommeroy!

James: Nêppie Huwejaar, Sophie, ou girl...

Miss Sophie: Mr. Winterbottom!

James: Sy's een van die lekkerste klein foutjies... hik! ... vroutjies. Hik! Een van die lekkerste klein voutjies.. wat ooit asem… wat oit asem gehaal … I verklaar hierie bazaar nou amptelik oop en so voorts...

James gee 'n luide burb en gryp Miss Sophie se stoel dat sy amper agteroor slaan. Hy slaag op een of ander manier daarin om die bord by haar te kry en struikel oor die leeukop en die bord met hoender vlieg deur die lug oor die buffet.

James: Will u 'n ou vruggie nuttig?

Hy vat die bord met vrugte na Miss Sophie, maar zoom reg verby haar, halfpad die trappe op en weer terug na haar...

Miss Sophie: Ek dink ons sal port geniet met die vrugte!

James: O, Nee! Sha… Sja… Sjalle sprosedura... Sjalle sprosedura... ash laash...

Miss Sophie: Ja. Dieselfde prosedure as elke jaar, James!

James kry die bottel port en kom bewerig terug tafel toe. Hy sukkel om die port te skink en mors dit oral-oor in sy pogings om vir Miss Sophie haar gaste te skink. Laastens vat hy groot sluk direk uit die bottel en hop oor die leeukop en sit die bottel neer. Hy keer met lam bene terug tafel toe.

Miss Sophie: Sir Toby!

James: Sugar in the morning, sugar...

Miss Sophie: Admiraal von Schneider!

James: Schkol!

Miss Sophie: Mr. Pommeroy!

James: (Stort port op haar) Jammer Madame! Jammer! *(Hy skep die port van die tafel af met sy hand tot in sy glas en drink dit leeg)*

Miss Sophie: Mr. Winterbottom!

James gryp per ongeluk ’n blomvaas, smyt die blomme oor sy rug en drink dit leeg.

James: Huuhh… Tjorts sê die aap!

Miss Sophie: Wel, James, dit was ’n wonderlike partytjie!

James: Wel, dit was heel negrotlik... gelukgrotlik.. genotsgriklik...Whatever!

Miss Sophie: Ek… wel ek dink ek gaan maar ontrek.

James: Will u die kooi looi. Madame? Shit.... Shit... Sit! Wag! Ek sit ’n bietjie handjie by, Miss Sophie.

James begelei Miss Sophie na die onderkant van die trap.

Miss Sophie: Soos ek gesê het. Ek dink ek gaan maar bietjie lê.

James: Ja... ja, ja. Tersloops.. Dieselfde prosjedure as laasjaar, Miss Sophie?

Miss Sophie: Dieselfde prosedure as elke jaar James!

James: Wel, ek my uiterste bes probeer!

Hy sukkel om sy belt los te kry en die twee gaan die trappe op en verdyn van die verhoog.

Finito!

(c) Nico Luwes
Jan Brandstraat 17
Langenhovenpark, Bloemfonteim, 9300
Tel 051 4461194
Sel 0823742485